The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

VOLKSBLAD 2012/02/21 Page: 9

AVE: R 15695.63

Mnr. Charles Müller wys die bedrag wat hy ná mediese aftrekkings van sy Transnet-pensioen oor het. Hy, en talle ander bejaardes, se Transnet-pensioene groei bykans niks, terwyl hul siekefonds-bydraes skerp gestyg het. Foto: MARY-ANN PALMER

Kleingeld!

Ná aftrekkings het bejaardes net R1 oor

Pensioentrekkers sukkel

Nicolize van der Walt en **Janice Keogh**

JOHANNESBURG. – "R1. Wat moet ek doen met R1?"

Só vra mnr. Charles Müller (80) van Springs hande in die lug oor sy Transnet-pensioen. Ná aftrekkings deur Transnet se siekefonds bly daar R1 van sy maandelikse pensioen oor.

Maar hy is nie die enigste een nie. Mnr. Rudie Fouché (76) van Klerksdorp het ook net R1 oor nadat die siekefonds-premie van sy pensioen van R4 269,50 afgetrek is.

Volgens mnr. Willie Spies, regsverteenwoordiger van AfriForum, is die meeste Transnet-pensioentrekkers wit en is daar bejaardes wat selfs slegter daaraan toe is as Müller en Fouché.

"Hulle kan nie bekostig om in tehuise te bly nie, dus trek hulle by hul kinders in of woon in motorhuise. Dié wat te trots is om hulp te vra, gaan woon in plakkerskampe." Daar was al gevalle waar pensioentrekkers selfmoord gepleeg het, sê hy.

Volgens Spies is dit lede van Transnet se tweedevastevoordeel-pensioenfonds wat swaar kry.

Net Transnet-werknemers wat voor die jaar 2000 afgetree het, behoort tot dié fonds.

Hul pensioene het voorheen teen dieselfde koers as inflasie gestyg, maar sedert 2003 styg dit jaarliks met net 2% terwyl inflasie aanhou styg.

"Dit beteken hulle raak agter."

Transnet het tans R900 miljoen in die betrokke pensioenfonds, maar dit gaan R1,9 miljard kos om alles te betaal wat hulle moet, sê Spies.

Volgens hom moet die regering R1 miljard aan Transnet betaal om verligting te bring, maar die politieke wil ontbreek.

"In die staat se oë is dit net 'n klomp ou, wit mense – 'n probleem wat sal uitsterf."

In dié stadium sterf sowat 400 Transnet-pensioentrekkers per maand.

Fouché het 36 jaar lank op die destydse Spoorweë gewerk – eers as skrynwerker en later as 'n toesighouer. Hy het gedink hy het voldoende voorsiening gemaak vir sy aftrede, maar moet nou steeds werk om die pot aan die kook te hou.

"Ek het geglo my voorsiening was genoeg.

"Ons beleggingsinkomste is ook min, want die rentekoerse is laag."

"Dít is my héle pensioen," sê Müller terwyl hy na die ses bokse pille op sy skoot wys. Hy het nege hartvat-operasies ondergaan en sonder dié medisyne sal hy "almal maar moet groet".

Die siekefonds trek R1 936,95 van sy pensioen van R1 937,95 af.

Volgens Spies het die Transnet-pensioentrekkers se medies volgens die mediese-inflasiekoers opgegaan met 18% tot 25% per jaar terwyl hul pensioen met 2% opgegaan het.

"Dit het báie meer opgegaan as ons pensioen," sê Müller.

Hy het langer as 20 jaar by Singer-naaldwerknasjiene gewerk voordat hy op 45 by die Suid-Afrikaanse spoorweë begin werk het. Hy was 'n kondukteur en spog nou nog dat hy die beste van almal in sy eksamens gevaar het.

"100% in al my vakke. Hulle het oor en oor gekyk en kon nie fout vind nie," vertel hy.

Müller se vrou, Anné (64), se pensioen hou hulle aan die lewe.

Spies gaan eersdaags 'n aansoek by die hooggeregshof in Pretoria namens 'n pensioentrekker teen onder meer die president, Transnet en die Transnet-pensioenfonds indien.

Mnr. Mboniso Sigonyela, Transnet se woordvoerder, het nie by navraag oor die twee gevalle kommentaar gelewer nie. Hy het pensioentrekkers aangeraai om Transnet se pensioen-administrateurs by 0-011-507-8000 te bel.



Pension Number :	786003K	Payment Month :	Januarie 2012
Account Number :	20897841	2% Increase Month :	Oktober
Pension Queries : Tel:	(011) 587-8000	Transnet Queries : Tel:	(011) 381-2020
Fax:	(011) 587-8384	Fax:	(011) 381-2041/2

INCOME			DEDUCTIONS		
Fund Pension	R :	1937.95	Tax	R :	0.00
Workman's Compensation	R :	0.00	Tax	R :	0.00
Other Sources	R :	0.00	Medical : Member Fees	R :	1936.95
Tax Rebates	R :	0.00	Tax : Transnet	R :	0.00
Bonus	R :	0.00	Tax : Voluntary	R :	0.00
Transnet	R :	0.00	Other	R :	0.00
TOTAL INCOME	R :	1937.95	TOTAL DEDUCTIONS	R :	1936.95
		NETTO PENSION :	R 1.00		

KZN Transnet pensioners should take note that the Travel Concession Office in Durban has moved to : Room 930, 202 Anton Lembede Street, Durban. The contact telephone numbers remain unchanged. T: 031 3613760 (Michelle) and T: 031 3612086 (Andries)

Mnr. Charles Müller se pensioenstrokie wat wys dat hy ná aftrekkings van die siekefonds R1 per maand oor het.

> **Van die pensioentrekkers het al selfmoord gepleeg weens armoede.**
>
> — MNR. WILLIE SPIES

Volgens mnr. Dawie Roodt, hoofekonoom van die Efficient-groep is dit hoeveel geld twee pensioentrekkers in Suid-Afrika per maand moet kry om te kan oorleef.

GEMIDDELDES VIR TRANSNET-PENSIOENTREKKERS